Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Zane Isaacs**
Direktoraat: Eksamenadministrasie
Zane.Isaacs@westerncape.gov.za | 021 467 2942

Lêerno.: 20/3/10/1/4
Verwysing: 20240531-4274

Eksamenadministrasieminuut: 0005/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Hoofde van openbare en onafhanklike skole

**Onderwerp: Oudit van openbare en onafhanklike eksamensentrums wat die Nasionale Senior Sertifikaat-/Senior Sertifikaat-eksamens in 2024 aanbied**

1. Ingevolge Regulasie 27(2) van die *Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*, gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 37651 van 16 Mei 2014, "moet alle eksamensentrums deur 'n amptenaar van die assesseringsliggaam geëvalueer word om te verifieer dat die nodige geriewe wat vir die afneem van die eksamen vereis word, by die sentrum beskikbaar is".

2. Prinsipale moet jaarliks 'n ouditdokument voltooi waarin die skool se gereedheid om die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-)/Senior Sertifikaat- (SS-) eksamens aan te bied, uiteengesit word. Die ouditdokument moet elektronies voltooi word en kan op SOBIS onder die kieslys *Exams/Assessments, Exam centre audit instrument* gevind word.

3. Voordat prinsipale die ouditdokument vir 2024 voltooi, moet hulle eers op SOBIS alle kommentaar, aanbevelings en bekommernisse wat kringbestuurders, assesseringskoördineerders en die provinsiale ouditkoördineerder oor 2023 se oudit van eksamensentrums geopper het, deurgaan. Dit sal leiding gee oor enige regstellings wat vereis word.

4. **Alle skole** wat in 2024 die NSS-/SS-eksamens aanbied, moet die interne oudit van die eksamensentrum en die elektroniese ouditdokument voltooi. Die sluitingsdatum om die elektroniese ouditdokument te voltooi en af te teken, is **Vrydag, 19 Julie 2024**.

5. Die voltooide elektroniese ouditdokument moet deur die prinsipaal en kringbestuurder op SOBIS afgeteken word.

6. In 2024 se elektroniese ouditdokument is wysigings aangebring rakende die inligting wat vereis word in die afdeling oor die gereedheid van eksamenlokale vir Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) en Inligtingstegnologie (IT). Hierdie afdeling moet deur die prinsipaal, opvoeder(s) wat RTT en IT onderrig en die kringbestuurder van alle skole wat hierdie vakke aanbied, voltooi word.

7. Elke eksamensentrum moet 'n geldige gesondheids- en veiligheidsertifikaat en 'n dienssertifikaat vir brandbestrydingstoerusting oplaai wanneer die elektroniese ouditdokument ingedien word.

8. Benewens ander veiligheidsmaatreëls, moet die volgende vyf minimum veiligheidsmaatstawwe by alle eksamensentrums wat NSS-/SS- eksamenmateriaal bewaar, in plek wees:

8.1 **Die implementering van 'n dubbele sluitstelsel, d.w.s. waar twee persone in beheer is van sleutels om toegang tot die NSS-/SS-eksamenmateriaal te verkry wat daar bewaar word.**
8.2 **Persone wat in beheer van die sleutels is, moet lede van die skoolbestuurspan wees.**
8.3 **Veiligheidswag(te) moet 24 uur per dag beskikbaar wees om gedurende die eksamentydperk toegang tot die perseel te beheer wanneer vraestelle en/of eksamenskrifte op die skoolterrein bewaar word.**
8.4 **Die eksamensentrum moet 'n instapkluis hê.**
8.5 **Die instapkluis moet genoeg plek hê sodat eksamenskryfbehoeftes daarin gebêre kan word.**

9. In 2023 het sommige skole noodfinansiering ontvang om veiligheidswagte aan te stel vir die veilige bewaring van die NSS-/SS-eksamenmateriaal vir November 2023 se eksamen. Weens besuinigingsmaatreëls is geen bykomende fondse in 2024 beskikbaar nie. Skole wat dus nie aan die vereistes vir 'n bergingslokaal vir die NSS-/SS-eksamen in November 2024 voldoen nie, moet toesien dat die vereiste regulasies soos deur die nasionale beleid voorgeskryf, voor die aanvang van die eksamens in plek is.

10. Amptenare van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement sal skole kontak om 'n datum en tyd vir 'n ouditbesoek van die eksamensentrum te reël.

11. Ouditbesoeke sal vanaf Julie tot en met Oktober 2024 plaasvind.

12. Waar die eksamenreëls herhaaldelik oortree word, kan 'n sentrum sy status as eksamensentrum verbeur.

13. Leerders wat by onafhanklike skole geregistreer is, sal nie gesertifiseer word as die onafhanklike skool nie by Umalusi geakkrediteer is nie.

14. Hierdie minuut moet saamgelees word met Eksamenadministrasieminuut 0011/2022 van 03 Oktober 2022.

15. Die inhoud van hierdie minuut moet onder die aandag gebring word van alle personeellede wat vir die bestuur van die NSS-/SS-eksamen in 2024 verantwoordelik is.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-06-08